AKADEMIA
STUDENTENUUSBRIEF



# MY AFRIKAANSE STUDIETUISTE

## BRIEF VANAF **ADJUNKREDAKTRISE**

### IN WATTER BOKSIE HET JY GEKLIM?

**Beste leser**

In watter boksie plaas jy die mense om jou? Wanneer ons nuwe mense ontmoet, plaas ons hulle met die eerste oogopslag in ŉ boksie op grond van voorkoms, stemtoon, taalgebruik, kulturele en geloofsoortuigings en hul ouderdomsgroepe. Feitlik enige brokkie inligting waarop ons beslag kan lê word aangewend om die mense om ons in een van ons vele boksies te plaas.

Die donkerkop met die groot raambrille is skielik ŉ bleeksiel-boekwurm en die forse rugbyspeler kan mos nie eens ŉ intellektuele gesprek voer nie!

Het jy al gewonder in watter boksie jy geplaas word, of het jy self reeds in ŉ boksie geklim?

Ek het ŉ tydjie gelede saam met ŉ vriendin gaan koffie kry, en terwyl die barista met die bestanddele tower, het ek ŉ oomblik geneem om asem te skep en om bewus te word van die wêreld rondom my.

Die koffiewinkel is byna leeg, maar eenkant by ŉ tweesitplektafeltjie sit ŉ ouerige man en lees. My eerste gedagtes was dat hy seker eensaam voel en daarom sit hy so laatmiddag alleen en koffie drink. Ek het hom skaars in ŉ boksie geplaas, toe sy vrou ŉ waentjie vol inkopies na die tafel stoot en hom soengroet. Die barista plaas die koffie op die toonbank, ons bedank hom en versier die koffie voordat ons die bekers met hul dekseltjies toemaak. Ek neem die beker en draai op my hakke in die rigting van die uitgang. In die verbystap glimlag die oom vriendelik vir my en ek terug vir hom, en terwyl ek en my vriendin terugstap na die kar wonder ek in watter boksie die oom my en my vriendin geplaas het.

Om mense weg te bêre in boksies kan nadelig wees, maar terselfdertyd baie voordelig ook. Wanneer jy jouself in ŉ boksie plaas beteken dit dat jy weet wie jy is en waar jy min of meer inpas. Ek wil julle egter vandag aanmoedig om nie só gemaklik te raak in jou boksie dat jy jou talente, vaardighede en potensiaal inperk nie. Laat ruimte vir groei, klim so nou en dan uit jou boksie, stel selfondersoek in en bepaal of jy steeds in daardie boksie pas.



**DAAG JOUSELF UIT OM BUITE DIE BOKSIES TE GROEI!**

*Vreugdes*
May-li Swanepoel

## LEER KEN DIE **AKADEMICI**

### DIE DEKANE

Wie is die dekane agter die titels en grade? Marizaan Koekemoer het onderhoude gevoer om presies dit uit te vind. In hierdie uitgawe: dr. Rachel Maritz en prof. Gawie du Toit.





**KLIK HIER** OM MEER TE LEES.

## SR-**NUUS**




### SR-INHULDIGING

Die 11de Mei het die SR-2021 hul inhuldiging op kampus gehou. Hulle het daar hul baadjie-oorhandiging gedoen, musiek deur Michael Schutte, SR: Kultuur (Nauurs), geniet en oor leierskap by Paul Smit geleer.

Ons sien uit na waarmee hulle nog gaan vorendag kom.



### MERK DIE DATUMS! *Opkomende SR-funksies*

Dit maak nie saak of jy ŉ sosiale vlinder of sportspersoon van die jaar is nie, die SR se opkomende funksies het iets vir almal.

Klik hier om meer te lees.


## KAMPUS**SAKE**



### KOSHUISSTORIES “Oe, die koshuis is ’n lekker ding!”

Klik hier om twee koshuis-inwoners se koshuisstories te lees.

## DIE **WYNVERENIGING**







### AKADEMIA SE BEKER LOOP OOR

Op 8 April 2021 het Akademia se Wynvereniging haar heel eerste wynproe gehou, in samewerking met Die Wynboer.

Klik hier om meer te lees oor hierdie spoggeleentheid.

## AKADEMIA **HELDE**




### HELPENDE HAND STIG STUDENTETAK

“So, hoekom ŉ Akademia-tak vir studente?” vra Hannes Noeth, direkteur van Helpende Hand, tydens die takstigting. “Dít weet julle: sodat ons ŉ verskil kan maak.”

Klik hier vir die volle storie.

## ~~ON~~**GEMOTIVEERD:**



### HOE BLY EK GEMOTIVEERD IN DIE NUWE NORMAAL?

“Ons lewe in ’n tyd van verandering. Om as student gemotiveerd te bly, is moeilik selfs sonder al die aanpassings van die ‘nuwe normaal’”.

In hierdie artikel, spreek dr. Sandra Adendorff, dosent aan Akademia, die alomteenwoordige kwessie van motivering aan.

Klik hier om haar raad aan studente te lees.

## STUDENTE**SKRYWERS**



Welkom by die eerste studenteskrywersblad, waarin die redaksiespan ŉ versameling prosa en poësie wat deur Akademia-studente geskryf is uitstal. Klik hier om die skryfstukke te lees.

Indien jy jou skryfwerk wil deel, stuur dit aan ons redaktrise by abia@akademia.ac.za.

## STUDENTE**SPYSKAART**



Klik hier vir hierdie uitgawe se lekker, vinnige studenteresep: “kaaskoek” jogurttert.